- 1.1 Toelating tot die Honneurs in Antropologie is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
- 1.2 Studente moet in besit wees van enige driejarige baccalaureusgraad en Antropologie tot op derdejaarsvlak aangebied het. Indien dit nodig geag word, kan bykomende toelatingsassessering vereis word.

Behalwe hul formele werkopdragte, word van die studente verwag om aan ekskursies, vakkongresse, seminare en lesings deur gasdosente deel te neem.

2. KURRIKULUM

Die kurrikulum is saamgestel uit:

- (a) Een verpligte module (25% van die program) wat tydens twee drie-uur vraestelle geassesseer word.
- (b) Twee modules (25% van die program) waar studente 'n module uit 'n voorgeskrewe lys kies. Die modules word tydens twee drie-uur vraestelle geassesseer.
- (c) Die ontwerp en uitvoering van 'n navorsingsprojek (50% van die program) wat aan formatiewe en summatiewe assessering onderwerp sal word.

2.1 Verpligte kernmodules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
ANTC6808	Gevorderde studie van Kultuur, Geskiedenis en Metodologie in Antropologie	32

2.2 Verpligte navorsingsprojek

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
ANTR6800	Navorsingsverslag Antropologie	64

2.3 Elektiewe modules

Studente moet twee van die volgende modules in oorleg met die Akademiese Departementshoof kies. Al die modules bestaan uit 16 krediete elk.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
ANTM6814	Mediese Antropologie	16
ANTE6834	Ekologiese Antropologie	16
ANTA6824	Antropologie van Visuele Kultuur	16
ANTI6844	Kulturele Konstruksie van Identiteit	16

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM SPESIALISASIE IN ANTROPOLOGIE			
Afkorting	MA met spesialisasie in Antropologie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 jaar	1700	M1001	9	180

1. TOELATINGSVEREISTES

- 1.1 Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene inligting mag studente tot die Magister in Antropologie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n BA Hons met spesialisasie in Antropologie.
- 1.2 Die finale toelating van 'n kandidaat is onderworpe aan die goedkeuring van 'n skriftelike navorsingsvoorstel en die mondelinge voordrag daarvan.
- 1.3 Die besluit oor toelating is onderhewig aan die resultate van 'n verpligte akademiese geletterdheidstoets. Die gewig van die toetsresultate sal 15% uitmaak van die toelatingskriteria, behalwe waar die taalvermoë so laag is (die onderste 7,5% van die studente) dat dit oneties sal wees om die kandidaat toe te laat.

2. KURRIKULUM

Studente kies 'n navorsingsonderwerp in oorleg met die studieleier en akademiese departementshoof en bied die navorsingsresultate aan in die vorm van:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
ANTH8900	Verhandeling: Antropologie (Navorsing Magister)	180
of		
ANTA8900	Twee verbandhoudende, publiseerbare artikels: Antropologie (Navorsing Magister)	180

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN ANTROPOLOGIE			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Antropologie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
3 jaar	1960	M1001	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

- 1.1 Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4 onder Algemene Inligting, mag studente tot die Doktorsgraad in Antropologie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n magistergraad in Antropologie.
- 1.2 Die finale aanvaarding van 'n kandidaat is onderworpe aan die suksesvolle aflegging van 'n mondelinge eksamen oor toepaslike onderwerpe en temas.
- 1.3 Die besluit oor toelating is onderhewig aan die resultate van 'n verpligte akademiese geletterdheidstoets. Die gewig van die toetsresultate sal 15% uitmaak van die toelatingskriteria, behalwe waar die taalvermoë so laag is (die onderste 7,5% van die studente) dat dit oneties sal wees om die kandidaat toe te laat.

2. KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif of ten minste vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Akademiese Departementshoof gekies is. Die proefskrif of artikels moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot die bestaande vakwetenskap sal lewer.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
ANTH9100	Proefskrif: Antropologie (PhD)	360
of		
ANTA9100	Vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels: Antropologie (PhD)	360

ONDERNEMINGSBESTUUR

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir meer besonderhede.

KRIMINOLOGIE

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN KRIMINOLOGIE			
Afkorting	BAHons met spesialisasie in Kriminologie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1500	M1001	8	128

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente mag tot die Honneursgraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle :

- (i) Oor 'n baccalaureusgraad en 96 krediete in Kriminologie beskik;
- (ii) Die baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% geslaag het;
- (iii) Minstens 65% in die navorsingsverslag vir KRIM3744 of in 'n ekwivalente navorsingsverslag behaal het;
- (iv) Die oorblywende voorgaande Kriminologiemodules met 'n gemiddelde punt van minstens 60% geslaag het;

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van die toelatingsvereistes, volgehoue akademiese prestasie op voorgaande vlak en keuringsvereistes wat die departement bepaal indien 'n tydperk van langer as twee jaar verloop het sedert die verwerping van die voorafgaande kwalifikasie.

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander universiteite moet direk by die UV-administrasie: Akademiese Studentedienste, aansoek doen.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Die kurrikulum vir die BAHons met spesialisasie in Kriminologie moet soos volg saamgestel word:

2.1 Verpligte modules (64 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
KRIM6814	Gevorderde Kriminologiese Teorie	16
KRIM6824	Gevorderde kwessies in Straftoemeting : 'n Capita selecta	16
KRIM6844	Gevorderde Jeugmisdaad Teorie	16
KRIM6864	Gevorderde Viktimologie	16

Assessering: Elke module word geassesseer tydens 'n drie-uur skriftelike eksamen vraestel. Die eksamen vraestelle is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

2.2 Uitgebreide skripsie (64 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
KRIM6800	Navorsingsverslag Kriminologie (Honeurs)	64

Assessering: Die uitgebreide skripsie is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN KRIMINOLOGIE			
Afkorting	MA met spesialisasie in Kriminologie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1700	M1001	9	180

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente mag tot die Magistergraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle:

- (i) Oor 'n Honneursgraad in Kriminologie beskik;
- (ii) Die honneursgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% geslaag het;
- (iii) 'n Subminimum van minstens 60% in elke afsonderlike Honneursmodule behaal het;
- (iv) Minstens 65% in die uitgebreide skripsie vir KRIM6800 of in 'n ekwivalente uitgebreide skripsie behaal het.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van die toelatingsvereistes, volgehoue akademiese prestasie op voorgraadse en honneursvlakke en keuringsvereistes wat die departement bepaal indien 'n tydperk van langer as twee jaar verloop het sedert die verwerwing van die voorafgaande kwalifikasie.

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Akademiese Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander universiteite moet direk by die UV-administrasie: Akademiese Studentedienste aansoek doen.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Studente moet 'n verhandeling skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die studieleier en die akademiese departementshoof gekies is. Die verhandeling is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

KODE	MODULE	KREDIETE
KRIM8900	Verhandeling Kriminologie (Navorsing Magister)	180

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN KRIMINOLOGIE			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Kriminologie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	1960	M1001	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente mag tot die Doktorsgraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle oor 'n Magistergraad in Kriminologie beskik en die magistergraad met 'n punt van minstens 65% geslaag het.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van die toelatingsvereistes, volgehoue hoë akademiese prestasie, 'n tentamen of enige ander keuringsvereistes wat die departement bepaal.

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Akademiese Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die UV-administrasie: Akademiese Studentedienste aansoek doen.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Studente moet 'n proefskrif skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Akademiese Departementshoof gekies is. Die proefskrif is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

KODE	MODULE	KREDIETE
KRIM9100	Proefskrif Kriminologie (PhD)	360

EKONOMIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe.

GEOGRAFIE

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN GEOGRAFIE			
Afkorting	BAHons met spesialisasie in Geografie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 jaar	1500	M1001	8	128

1. TOELATINGSVEREISTES

'n Student moet ten minste 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% vir alle Geografie modules (64 krediete) op derdejaarsvlak verwerf om tot die Honneursgraad toegelaat te word. In uitsonderlike gevalle kan die Departement toestemming verleen vir toelating tot die studie mits die student deur mondelinge en/of skriftelike assessering bewys kan lewer dat hy/sy vertrouwd is met die nuutste teoretiese en begripingsaspekte van die vak. Afhangend van 'n student se akademiese agtergrond kan addisionele modules vereis word. 'n Bewys van rekenaarvaardigheid word vereis vir GIS6816 en GIS6826. Om toelating tot die eksamen te kry moet 'n student 'n semestersyfer van ten minste 50% vir elke module behaal. Taalvaardigheid in Engels sal geëvalueer word. Indien nie aan die vereiste standaard voldoen word nie, moet 'n addisionele taalmodule geneem word.

2. KURRIKULUM

2.1 Verpligte modules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GEOF6816	Vakteoretiese begroning van Geografie	24
GEOR6808	Navorsing in Geografie	32

2.2 Elektiewe

Studente moet drie modules (72 krediete) kies vanuit die lys hieronder, met inagneming van vereistes:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GEOH6816	Stedelike Geografie	24
ENVG6826	Omgewingsbeleid en- praktyk	24
GEOH6816	Toegepaste Geomorfologie	24
GISC6816	Ruimtelike Analise en Modelling	24
GISR6826	Afstandswaarneming en beeldverwerking	24

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN GEOGRFIE			
Afkorting	MA met spesialisasie in Geografie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1700	M1001	9	180

1. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet aansoek doen om toelating. Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, is toelating onderhewig aan 'n Honneurs (of ekwivalente) graad in Geografie.

2. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GEOR8900	Geografie: Verhandeling	180

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN GEOGRAFIE			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Geografie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	1960	M1001	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet aansoek doen om toelating. Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, mag studente tot studie vir 'n Doktorsgraad in Geografie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n magistergraad.

2. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GEOR9100	Geografie Proefskrif	360

GESKIEDENIS

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN GESKIEDENIS			
Afkorting	BAHons met spesialisasie in Geskiedenis			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1500	M1001	8	128

1. INLIGTING

Die kursus kan voltyds in een jaar voltooi word, of deelyds oor twee jaar. In die geval van deelydse studie, moet HIST6818 altyd in die eerste semester van die eerste studiejaar geneem word, en word HIST6808 (die skripsie) in die eerste semester van die tweede studiejaar voltooi. Voltydse studente neem HIST6818 en HIST6808 parallellopend in die eerste semester, en HIST6828 en HIST6848 parallellopend in die tweede semester. Die skripsie moet getuig van selfstandige navorsing en word onder leiding van 'n studieleier, soos deur die Akademiese Departementshoof aangewys, voltooi, oor 'n tema soos op ooreengekom deur die student en studieleier. Dit staan studente vry om – met goedkeuring van die Akademiese Departementshoof – in die plek van of HIST6828 of HIST6848, 'n honneursmodule van 32 krediete in 'n aanverwante dissipline te neem.

2. TOELATINGSVEREISTES

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die BA Honneurs, geld die volgende:

- (i) Toelating tot die Honneurs in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
- (ii) Studente moet in besit wees van enige driejarige baccalaureusgraad, en moet voorgaads Geskiedenis op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak suksesvol voltooi het (dus Geskiedenis vir drie volle akademiese jare geneem het).

3. KURRIKULUM

3.1 Kernmodules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
HIST6818	Geskiedenis: Vakteorie, Navorsingsmetodologie en Moderne Historiografie	32
HIST6828	Terreur en Outokrasie in Historiese Perspektief	32
HIST6848	Menseregteskendings, Waarheid en Geregtigheid in Historiese Perspektief	32
HIST6808	Navorsingsverslag: Geskiedenis (Honneurs)	32

4. ADDISIONELE INLIGTING / ASSESSERING

Die kursus bestaan uit drie vraestelle van drie uur elk van 32 krediete, asook 'n skripsie van 32 krediete.

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN GESKIEDENIS			
Afkorting	MA met spesialisasie in Geskiedenis			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	Verhandeling: 1830	M1001	9	192
2 Jaar	Gestruktureerd: 1831			

1. INLIGTING

Hierdie kursus kan voltooi word deur **of** opsie 1, die verhandeling met 'n tema wat deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die departement gekies word, **of** die gestruktureerde program wat handel oor die oorhoofse tema "Aspekte van die geskiedenis van twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis" en wat bestaan uit vyf vraestelle van twee uur elk, plus 'n skripsie.

2. TOELATINGSVEREISTES

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die magisterstudie, geld die volgende:

- Toelating tot die Magister in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
- Studente moet in besit wees van ten minste 'n Honneursgraad in Geskiedenis of in 'n aanverwante dissipline, of oor 'n nagraadse diploma beskik, en moet Geskiedenis op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak suksesvol voltooi het (dus Geskiedenis voorgraads vir drie volle akademiese jare geneem het).

3. KURRIKULUM

Opsie 1: Verhandeling (Studiekode: 1830)

'n Tema word deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die departement gekies;

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
HISR8900	Verhandeling Geskiedenis (Navorsing Magister)	192

of

Opsie 2: 'n Gestruktureerde program (Studiekode: 1831)

Die gestruktureerde program handel oor die oorhoofse tema "Aspekte van die geskiedenis van twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis" en wat bestaan uit vyf vraestelle van twee uur elk, plus 'n skripsie.

Let wel:

- Die gestruktureerde program word slegs op 'n deeltydse grondslag oor 'n periode van twee jaar aangebied. Studente word gevolglik ook slegs toegelaat om elke tweede jaar die eerste keer vir dié gestruktureerde kursus te registreer.
- Modules HIST7916, HIST7936, HIST7926 en HIST7946 word opeenvolgend in die eerste studiejaar aangebied met eksamens in HIST7916 en HIST7936 tydens die mid-jaar eksamenleenthede en in HIST7926 en HIST7946 tydens die jaareind-eksamenleenthede.
- Module HIST7956 word in die eerste kwartaal van die tweede studiejaar aangebied met 'n eksamen tydens die mid-jaar eksamenleenthede.
- Die skripsie (HISR8900) moet in die loop van die res van die tweede studiejaar voltooi word, onder leiding van 'n studieleier deur die Departementshoof aangestel en oor 'n tema soos ooreengekom deur die studieleier en student.
- Die modules moet in die volgorde HIST7916, HIST7936, HIST7926, HIST7946, HIST7956 en HISS8900 aangebied word.

3.1 Kernmodules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
HIST7916	Navorsingsmetodologie en verwante sake Geskiedenis (Gesruktureerde Magister)	24
HIST7936	Inleiding tot Twintigste - eeuse Suid - Afrikaanse Geskiedenis	24
HIST7926	Aspekte van die Geskiedenis van Suid - Afrika , ca 1939 - 1961	24
HIST7946	Aspekte van die geskiedenis van Suid - Afrika, ca 1961 - 1980	24
HIST7956	Aspekte van die geskiedenis van Suid - Afrika sedert ca 1980	24
HISR7900	Mini-Verhandeling Geskiedenis (Gestruktureerde Magister)	72

4. ADDISIONELE INLIGTING / ASSESSERING

- (i) Assessering sluit in interne assessering, sowel as eksterne assessering en moderering.
- (ii) Die navorsingskomponent van die magisterstudie (seminare, skripsie en verhandeling) moet getuig van die vermoë tot onafhanklike navorsing, selfstandige oordeel en insig.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN GESKIEDENIS			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Geskiedenis			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 jaar	1960	M1001	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die PhD-studie geld die volgende:

- (i) Toelating tot die PhD in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
- (ii) Studente moet in besit wees van 'n Magister in Geskiedenis of enige ander magistergraad verkieslik in 'n verwante dissipline in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatings-assessering vereis kan word.

2. KURRIKULUM

'n Proefskrif (modulekode **HIST9100**) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met die promotor gekies. Die proefskrif moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot die bestaande vakwetenskap sal lewer.

3. ADDISIONELE INLIGTING / ASSESSERING

'n Graad sal toegeken word na suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif deur 'n paneel van interne en eksterne assessore.

FILOSOFIE

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN FILOSOFIE			
Afkorting	BA Hons met spesialisasie in Filosofie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 jaar	1500	M1001	8	128

VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die BA Honneurs, geld die volgende:

1. Toelating tot die Honneurs in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van enige driejarige baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

Bykomend tot formele studie word van kandidate ook verwag om konferensies, seminare en lesings deur gassprekers by te woon.

1. KURRIKULUM

Die kurrikulum is saamgestel uit:

1. Vier verpligte modules wat 50% uitmaak van die kursus en wat geëksamineer word in vier twee-uur vraestelle.
2. 'n verpligte navorsingsprojek van beperkte omvang wat 50% van die program uitmaak waarin studente 'n navorsingsrapport aanbied oor 'n goedgekeurde onderwerp.

1.1 Verpligte modules (64 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
FILC6818	Kognitiewe en Kulturele Filosofie	32
FILR6818	Filosofie van Rasionaliteit ,Handeling en Denke	32
FILP6828	'n Filosofiese teksstudie	32
FILT6828	Filosofie en Teologie	32

1.2 Navorsingsprojek (64 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
FILR6800	Navorsingsverslag Filosofie (Honeurs)	64

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN FILOSOFIE			
Afkorting	MA met spesialisasie in Filosofie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 jaar	1830	M1001	9	180

1. VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die magisterstudie, geld die volgende:

1. Toelating tot die Magister in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van ten minste 'n baccalaureus honneursgraad of 'n gelykwaardige kwalifikasie, in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

2. KURRIKULUM

'n Verhandeling (modulekode **FILM8900**) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die departement gekies. Die verhandeling moet getuig van die kandidaat se vermoë tot onafhanklike navorsing, duidelike formulering en vakkundige insig.

3. ASSESSERING

Assessering sluit in interne assessering, sowel as eksterne assessering en moderering.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN FILOSOFIE			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Filosofie			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 jaar	1960	M1001	10	360

1. VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die PhD-studie, geld die volgende:

1. Toelating tot die PhD in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Akademiese Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van 'n Magister in Filosofie of enige ander magistergraad in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.
3. Die finale aanvaarding van 'n kandidaat is onderworpe aan die suksesvolle aflegging van 'n mondelinge eksamen oor toepaslike onderwerpe en temas.

2. KURRIKULUM

'n Proefskrif (modulekode **FILT9100**) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met die promotor gekies. Die proefskrif moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot bestaande kennis in die dissipline sal lewer.

3. ASSESSERING

'n Graad sal toegeken word na suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif deur 'n paneel van interne en eksterne assessore.

POLITIEKE WETENSKAP

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN POLITIEKE WETENSKAP			
Afkorting	BAHons met spesialisasie in Politieke Wetenskap			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 jaar	Politieke dinamika: 1526	M1001	8	128
	Internasionale verhoudinge: 1527			

1. INLIGTING

Studente moet in besit wees van 'n baccalaureusgraad en moes voorts Politieke Wetenskap op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak suksesvol voltooi het.

2. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet oor 'n baccalaureusgraad beskik waarin 'n gemiddelde punt van ten minste 65% vir Politieke Wetenskap behaal is asook minstens 96 krediete in Politieke Wetenskap. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

3. KURRIKULUM

Opsie 1: Politieke Dinamika (Studiekode: 1526)

Die program is saamgestel uit vyf modules (met insluiting van 'n navorsingsprojek).

3.1 Verpligte modules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS6816	Politieke Wetenskap Navorsings Metodologie en Voorstel (Honours)	24
POLS6836	Gevorderde Politieke Teorie	24
POLS6826	Kontemporêre Benaderings in Vergelykende politiek	24
POLS6846	Globale Politieke Ekonomie en die Politiek van Regionalisme	24

3.2 Verpligte navorsingsprojek

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS6808	Navorsingsverslag Politieke Wetenskap (Honours)	32

Opsie 2: Internasionale Verhoudinge (Studiekode: 1527)

Die program is saamgestel uit vyf modules (met insluiting van 'n navorsingsprojek).

3.1 Verpligte modules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS6816	Politieke Wetenskap Navorsings Metodologie en Voorstel (Honours)	24
POLS6856	Contemporary thinkers in International Relations	24
POLS6846	Globale Politieke Ekonomie en die Politiek van Regionalisme	24
POLS6866	Buitelandse Beleid en Diplomatie	24

3.2 Verpligte navorsingsprojek

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS6808	Navorsingsverslag Politieke Wetenskap (Honours)	32

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN POLITIEKE WETENSKAP			
Afkorting	MA met spesialisasie in Politieke Wetenskap			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 jaar	Verhandeling: 1830	M1001	9	192

1. INLIGTING

Studente met 'n Honneursgraad in Politieke Wetenskap skryf 'n verhandeling ter waarde van 192 krediete oor 'n goedgekeurde onderwerp (modulekode POLS8900).

2. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet oor 'n honneursgraad in Politieke Wetenskap beskik waarin 'n gemiddelde punt van ten minste 65% behaal is. 'n Minimum van 65% moes ook vir die honneurs mini-skripsie behaal word. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS8900	Verhandeling Politieke Wetenskap (Navorsing Magister)	192

Bykomend tot formele studie word van kandidate ook verwag om konferensies, seminare en lesings deur gassprekers by te woon.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR MET SPESIALISASIE IN POLITIEKE WETENSKAP			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Politieke Wetenskap			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	1960	M1001	10	360

1. INLIGTING

Studente met 'n MA graad in Politieke Wetenskap skryf 'n proefskrif ter waarde van 360 krediete oor 'n goedgekeurde onderwerp.

2. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet oor 'n MA graad in Politieke Wetenskap beskik waarin 'n punt van ten minste 65% vir die verhandeling of 70% vir 'n uitgebreide skripsie behaal is. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
POLS9100	Proefskrif Politieke Wetenskap (PhD)	360

Bykomend tot formele studie word van kandidate ook verwag om konferensies, seminare en lesings deur gassprekers by te woon.

SIELKUNDE

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES MET SPESIALISASIE IN SIELKUNDE			
Afkorting	BAHons met spesialisasie in Sielkunde			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale Krediete
1 Jaar	1500	M1001	8	128

1. INLIGTING

Die honneursprogram van die Departement Sielkunde bied aan studente teoretiese verdieping in Sielkunde as 'n dissipline, 'n geleentheid vir die uitvoering van 'n navorsingsprojek, asook praktiese blootstelling aan gemeenskapsbetrokkenheids-aktiwiteite en diensleer.

Die honneursprogram is deur die Professionele Raad vir Sielkunde goedgekeur, wat beteken dat dit aan studente die geleentheid bied om (na die voltooiing van die SIL600-internskap) na 'n BPsig te artikuleer en (na die suksesvolle voltooiing van die Nasionale Raadseksamen) as beraders/psigometriste te registreer. Die honneursprogram bied toegang tot verdere nagraadse opleiding in professionele sielkunde (magister in toegepaste sielkunde) en akademiese sielkunde (magister in navorsing).

Die program strek oor een jaar vir voltydse studente en twee akademiese jare vir deeltydse studente. Studente mag egter ook meer as twee jaar gebruik om hul studies te voltooi indien hulle dit so verkies.

Sommige van die modules word bedags aangebied en ander saans. Dag- en aandmodules roteer elke jaar. Daar word van voltydse studente verwag om bedags sowel as saans klasse by te woon. Deeltydse studente word in die aande geakkommodeer.

Die meeste modules behels een twee-uur kontakssessie per week. Vir sommige van die modules word praktiese geleenthede en diensleer-aktiwiteite ook geskeduleer. Aan die begin van elke module sal die betrokke dosent riglyne of 'n uiteensetting van die module verskaf.

2. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die honneurs is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- Voorname kandidaat moet minstens oor 'n B-graad, waar Sielkunde as hoofvak aangebied is, beskik.
- Toelating tot die honneursprogram is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van hoofsaaklik akademiese prestasie. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is verkrygbaar van die Departement Sielkunde. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir voornemende studente is 30 September van die voorafgaande jaar.
- Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, doen slegs aansoek om toelating by die betrokke Akademiese Departementshoof / Honneursprogram-koördineerder.
- Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Akademiese Departementshoof / Honneursprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente-administrasie.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR vlak	SEMESTER
PSHC6804	Gemeenskaps- en Sosiale Sielkunde	16	8	1 en 2
PSHD6814	Gevorderde Ontwikkelingsielkunde	16	8	1
PSHT6814	Psigoterapie en etiek	16	8	1
PSHH6814	Toegepaste Gesondheidsielkunde	16	8	1
PSHA6804	Sielkundige Assessering	16	8	2
PSHP6824	Gevorderde Psigopatologie	16	8	2
PSHR6808	Toegepaste Navorsingsmetodologie	32	8	1 en 2

4. ADDISIONELE INLIGTING

Studente wat daarin belangstel om as beraders / psigometriste te registreer by die Raad vir Gesondheidsprofessies, kan na afloop van hul honneursgraad vir BPsig-ekwivalensie aansoek doen. Gekeurde studente sal toegelaat word om PSHI6800—'n internskap te voltooi.

5. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas. Studente moet al die modules suksesvol voltooi ten einde die kwalifikasie te behaal.

MAGISTER ARTIUM

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM MET SPESIALISASIE IN SIELKUNDE			
Afkorting	MA met spesialisasie in Sielkunde			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale Krediete
1 Jaar	Verhandeling: 1830	M1001	9	180
2 Jaar	Gestruktureerd: 1831			

Die doel met hierdie program is om studente op 'n gestruktureerde wyse voor te berei om voortreflike navorsing oor aktuele onderwerpe te inisieer, deur te voer en op skrif te stel.

Studente wat hul studies in 'n navorsingsgerigte MA Sielkunde wil voortsit, kies EEN van die volgende twee opsies:

Opsie 1: Verhandeling (Studiekode: 1830)

1. INLIGTING

'n Verhandeling (PSMD8900) of minstens twee verbandhoudende, publiseerbare artikels (PSMA8900) oor 'n goedgekeurde onderwerp moet suksesvol voltooi word.

2. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** op hierdie graad van toepassing.
- Voornemende kandidate moet minstens oor 'n B-honneursgraad in Sielkunde of 'n BPsig-grad in Sielkunde beskik.
- Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word op grond van hoofsaaklik akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak bepaal. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is van die Departement Sielkunde verkrygbaar.
- Studente van hierdie universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof/Navorsingskoördineerder aansoek doen om toelating.
- Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof, sowel as die Afdeling Akademiese Studentedienste aansoek doen om toelating.

3. KURRIKULUM

Kies **een** van die volgende:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR vlak	SEMESTER
PSMD8900	Verhandeling: Sielkunde (Navorsing Magister), OF	180	9	1 en 2
PSMA8900	Twee verbandhoudende, publiseerbare artikels	180	9	1 en 2

4. ASSESSERING

'n Graad sal na die suksesvolle voltooiing en assessering van die verhandeling/twee publiseerbare artikels deur 'n paneel van interne en eksterne assessore, toegeken word.

1. INLIGTING

'n Uitgebreide skripsie (PSAD7900) oor 'n goedgekeurde onderwerp

en

die volgende twee vraestelle moet suksesvol voltooi word: Capita Selecta (PSAC7904) en Gevorderde Navorsingsmetodologie (PSAR7904).

2. TOELATINGSVEREISTES

- (a) Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** op hierdie graad van toepassing.
- (b) Voornemende kandidate moet minstens oor 'n B-honneursgraad in Sielkunde of 'n BPsig-graad in Sielkunde beskik.
- (c) Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word op grond van hoofsaaklik volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak bepaal. Aansoekvorms en verdere inligting is van die Departement Sielkunde verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir voornemende studente is 30 September van die voorafgaande jaar.
- (d) Studente van hierdie universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof aansoek doen om toelating.
- (e) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof, sowel as die Afdeling Akademiese Studentedienste aansoek doen om toelating.
- (f) Die program sal slegs aangebied word indien daar genoegsame studente vir die program gekeur word.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR- vlak	SEMESTER
PSAC7904	Capita Selecta Sielkunde Magister	16	9	1 en 2
PSAR7904	Gevorderde Navorsingsmetodologie in Sielkunde	16	9	1 en 2
PSAD7900	Mini Skripsie vir Toegepaste Navorsingsielkunde	148	9	1 en 2

4 ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Die eksamen (PSAC7904 en PSAR7904) sal 40%, en die uitgebreide skripsie (PSAD7900) 60% van die finale slaagpunt tel. Die uitgebreide skripsie sal deur 'n paneel van interne en eksterne assessore geassesseer word. Die graadsertifikaat sal geëndoseer word met "Navorsingsielkunde".

MAGISTER ARTIUM IN KLINIESE SELKUNDE

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM IN KLINIESE SELKUNDE			
Afkorting	MA(Kliniese Sielkunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale Krediete
2 jaar	1800	M2091	9	240

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die magisterprogram in professionele opleiding in sielkunde deurlopend op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Studente word dus voorlopig aangeraai om onderstaande program te volg.

1. INLIGTING

Die doel met hierdie volttydse, tweejarige program is om studente op te lei sodat hulle ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) as sielkundiges in die kategorie Kliniese Sielkunde kan registreer.

Angesien daar jaarliks slegs 'n beperkte aantal studente tot die magisterstudie in Kliniese Sielkunde toegelaat kan word, is toelating tot die program onderhewig aan keuring.

2. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** op hierdie graad van toepassing.
- Voornemende studente moet minstens oor 'n B-honnoursgraad in Sielkunde of 'n BPsig-graad in Sielkunde beskik.
- Toelating tot die magisterprogram is onderhewig aan departementele goedkeuring en word op grond van 'n kombinasie van kriteria bepaal. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is van die Departement Sielkunde verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir voornemende studente is 31 Mei van die voorafgaande jaar.
- Studente van hierdie universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof / Magisterprogram-koördineerder aansoek doen om toelating.
- Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof / Magisterprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente Akademiesedienste aansoek doen om toelating.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR vlak	SEMESTER
CLIN7900	Kliniese Sielkunde	120	9	1 en 2
CLII7900	Internskap: Kliniese Sielkunde	0	9	1 en 2
CLIR8900	Mini-verhandeling: Kliniese Sielkunde (Gestruktureerde Magister)	120	9	1 en 2

4. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas. Studente moet al die modules suksesvol voltooi ten einde die kwalifikasie te behaal.

Afgesien van die bostaande assessering moet die student 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n uitgebreide skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n uitgebreide skripsie.

MAGISTER ARTIUM IN VOORLIGTINGSIELKUNDE

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM IN VOORLIGTINGSIELKUNDE			
Afkorting	MA(Voorligtingsielkunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale Krediete
2 jaar	1810	M2091	9	240

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die magisterprogram in professionele opleiding in sielkunde deurlopend op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Studente word dus voorlopig aangeraai om onderstaande program te volg.

1. INLIGTING

Die doel met hierdie voltijdse, tweejarige program is om studente op te lei sodat hulle ná die suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGBSA) as sielkundiges in die kategorie Voorligtingsielkunde kan registreer.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte aantal studente tot die magisterprogram in Voorligtingsielkunde toegelaat kan word, is toelating tot die program onderhewig aan keuring.

2. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** op hierdie graad van toepassing.
- Voornemende studente moet minstens oor 'n B-honneursgraad in Sielkunde of 'n BPsig-graad in Sielkunde beskik.
- Toelating tot die magisterprogram is onderhewig aan departementele goedkeuring en word op grond van 'n kombinasie van kriteria bepaal. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is van die Departement Sielkunde verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir voornemende studente is 31 Mei van die voorafgaande jaar.
- Studente van hierdie universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof / Magisterprogram-koördineerder aansoek doen om toelating.
- Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof / Magisterprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente Akademiesedienste aansoek doen om toelating.

3. KURRIKULUM

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR vlak	SEMESTER
COUN7900	Voorligtingsielkunde Gestruktureerde Magister Jaar 1	120	9	1 en 2
COUI7900	Internskap: Voorligtingsielkunde	0	9	1 en 2
COUR7900	Mini-verhandeling Voorligtingsielkunde (Gestruktureerde Magister)	120	9	1 en 2

4. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas. Studente moet al die modules suksesvol voltooi ten einde die kwalifikasie te behaal.

Afgesien van die bostaande assessering moet die student 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n uitgebreide skripsie of een publseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie uitgebreide skripsie of publseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Voorligtingsielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n uitgebreide skripsie.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Sielkunde			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale Krediete
2 Jaar	1960	M1001	10	360

1. INLIGTING

'n Proefskrif (PSDT9100) of minstens vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels (PSDA9100) moet suksesvol voltooi word.

2. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** op hierdie graad van toepassing.
- Vornemende kandidate moet minstens oor 'n M-graad in Sielkunde beskik.
- Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal op grond van hoofsaaklik akademiese prestasie op magistervlak. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is van die Departement Sielkunde verkrygbaar.
- Studente van hierdie universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof / Navorsingskoördineerder vir toelating aansoek doen.
- Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet by die betrokke Akademiese Departementshoof, sowel as die Afdeling Akademiese Studentedienste vir toelating aansoek doen.

3. KURRIKULUM

Kies **een** van die volgende:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE	NKR vlak	SEMESTER
PSDT9100	Proefskrif: Sielkunde (PhD)	360	10	1 en 2
PSDA9100	Proefskrif: Sielkunde Artikel Opsie	360	10	1 en 2

4. ASSESSERING

'n Graad sal toegeken word na die suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif/vyf publiseerbare artikels deur 'n paneel van interne en eksterne assessore.

DOCTORATE VAN SIELKUNDE

Kwalifikasie	DOCTORATE VAN SIELKUNDE			
Afkorting	DPsych			
